

KINDERWERKKAART HEBREËRS 5:14

ONS MOET ALTYD GROEI IN
ONS GELOOF



OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur Hebreër 5:11-14 saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Let op dat God wil hê ons moet groei in ons geloof sodat ons verantwoordelikheid vir onself en ons besluite kan neem.
- Lê by die kinders vas dat:
 - Die Here wil hê ons moet selfstandig in ons geloof word;
 - Om dit te kan doen moet ons gereeld ons geloof "oefen" en ons geloof "kos" inneem;
 - Ons oefen ons geloof deur gereeld Bybel te lees, reg te leef, oor God te praat en van God te leer;
 - Ons geloofskos kry ons in die Bybel, by die kerk, by juffrou wat ons van God leer, by die kinderkerk of katkisasie ens.
- Sing saam Lied 292 " My enigste hoop"

LIED 292: 1 & 2

1. My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop -
dis my anker, my vaste hoop.
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop -
dis my anker, my vaste hoop.
2. Die doop is die seël dat die Heilige Gees
my 'n kind van God, die Vader laat wees.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.

Wanneer 'n babatjie gebore word kan hy/sy nog nie self eet, sit, loop of praat nie.

Sy mamma en pappa moet gereeld vir hom sy melkies gee en later as hy groter word, sagte pappies en fyn groente en vrugte.

Soos wat die baba groter en sterker word kan hy later self sy kos vashou, byt en kou en hoef hy nie meer gevoer te word nie.

Hy kan ook later eers kruip, dan loop en as hy so groot soos julle is, kan hy self hardloop en speel ook, sonder dat iemand sy handjie hoef vas te hou.

Wanneer iemand iets self kan doen, sonder hulp, sê ons hy/sy is SELFSTANDIG.

Maar om so sterk te word gebeur nie sommer net oornag nie – dit vat baie tyd en baie oefening.

Dit is wat God wil hê ons moet doen – ons moet, net soos n baba groei tot 'n volwassene, in ons geloof groei tot SELFSTANDIGHEID.

'n Baba weet aanvanklik niks van Jesus nie, en sy ouers moet hom van God leer. Dit help egter nie jy hoor net een keer van God nie – jy gaan dit dan sommer maklik vergeet. Jy moet gereeld van Hom leer, oor Hom praat en met Hom praat sodat jy al hoe meer van Hom kan leer en onthou en kan leef soos Hy wil hê jy moet.

En hoe meer jy dit doen, hoe sterker word jou geloof, totdat jy eendag op jou eie die regte besluite kan neem sonder dat iemand jou hoef te sê wat om te doen of jou hand vas te hou.

Dan is jy SELFSTANDIG en sterk in jou geloof.

Werkkaart vir peuters en kleuters (0-4 jaar)

(Die groter kinders kan hierdie ook doen as hulle wil)

Wanneer ons 'n huis wil bou, help dit nie om net een muur te bou nie – dit is dan nie n huis nie en sal dit ons nie kan beskerm teen die wind en weer nie. 'n Huis word baksteen-vir-baksteen gebou en eers as al die mure gebou en die dak op is, is die huis sterk en veilig.

Net so met ons geloof.

Knip die vorm hieronder uit en laat die kleuter dit inkleur en versier.


Na die vorm uitgeknipt is, wys vir die kleuter dat die stuk papier nie op sy eie kan staan en nie eers soos n huis lyk nie.

(Net soos ons met min kennis van God nie sterk in ons geloof kan wees nie)

Soos wat die sye gevou en geplak word, wys die kleuter daarop hoe die huisie al hoe sterker word en begin vorm aanneem.

(Net soos ons geloof sterker word hoe meer ons dit oefen en en ons geloofkos inneem)

Wanneer die huisie klaar is, verduidelik aan die kleuter dat dit is hoe God wil hê ons geloof moet wees – *sterk en stewig en 'n skuiling vir onself en ander.*



Werkkaart vir kindertjies (4-9 jaar)

Voltooi die blokkiesraaisel

1. God wil hê ons moet _ _ _ _ _ in ons geloof.
2. Ons kry ons geloofskos deur die _ _ _ _ _ te lees.
3. Ons moet gereeld met God praat deur te _ _ _
4. Wanneer ek op my eie regte besluite kan neem is ek _ _ _ _ _
in my geloof.
5. Hoe meer ek my geloof oefen, hoe _ _ _ _ _ word my
geloof.
6. Hebr 5: 14: " *Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor
_ _ _ _ _ beskik en*
7. *wat deur _ _ _ _ _ ge oefen is om*
8. *tussen goed en _ _ _ _ _ te onderskei."*

